

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Goeie werke het ewigheidswaarde!

Skriflesing: Op 14:1-13

Teksvers: Op 14:12 en 13

Sing:

Ps 33:1, 2 en 6

Ps 40:2 en 8

Ps 90:2, 7 en 8

Ps 90:9

Sb 18-7:3, 11 en 12

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Johan Hoogenboezem

Klank: Jan-Teunis Reesink

Prediker: Ds Lourens Venter

God wys aan ons in die Openbaringsboek by wyse van simboliese taal en beelde hoe die toekoms van die kerk en die wêreld lyk tussen die koms en die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Ons kyk die toekoms in en sien hoe lyk die hemel en die hel. En dit is skrikwekkend! Met 'n volheidsgetal van 7 sien ons hoe die toekoms afspeel met die 7 kandelaars (visitatie) die 7 seëls, die 7 weë, die sewe basuine en eindelijk ook die 7 skale.

Hiertussen verweef is 7 saligsprekinge. Die eerste het ons reeds met die openingswoorde gehoor. Vandag staan ons stil by die tweede met die tema: *Goeie werke het ewigheidswaarde!*

SONDAGAAND 18:00

God straf ons sondes en daarin is God absoluut

Ons lees in 1 Kor 8:1

1983 *"Kenniss maak verwaand, maar liefde bou op."*

1953 *"Die kennis maak opgeblase, maar die liefde stig."*

NIV *"But knowledge puffs up while love builds up."*

Dit is so belangrik om kennis te hê van onself, ons eie sonde en ellende en hoe God daarmee handel en wat ons daaromtrent moet doen.

- Sondag 2 handel oor die OORSPRONG van ons sonde.
- Sondag 3 handel oor die OMVANG van ons sonde.
- Sondag 4 handel oor die STRAF van ons sonde.

Dit handel hier oor die Regverdige Oordeel van God oor die mens. Job het aanhou sê dat hy onskuldig is. Job wou homself teenoor God handhaaf. Hy het al daarmee begin toe hy sy geboortedag vervloek het. Daar was redenasies met God en raad van sy drie vriende, maar uiteindelik het hulle stilgebly voor God.

Ons gaan na drie sake kyk:

- 1 God is nie onregverdig nie.
- 2 God straf die sonde.
- 3 God is barmhartig EN regverdig.

Skriflesing: Job 34:10-30

Teksvers: Job 34:10b

HK: Sondag 04

Sing:

Ps 90-1:1,4

Ps 38-1:1,15,17

Ps 20-1:2,4,5,6

Ps 96-1:1,6

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Johan Hoogenboezem

Klank: Hein Kaiser

Prediker: Ds Gerrit Kruger

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 05 16 Februarie 2020

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Droomverlore

Wanneer ons jonk is, het ons baie drome oor die lewe. Klein kindertjies beleef hulleself in die wonderlikste fantasiewêreld waar hulle seerowers en prinsesse kan wees. Hoe ouer ons egter word, hoe moeiliker word dit om te droom soos 'n kind oor wat die lewe mag inhou.

Dit is veral wanneer ons begin om die realiteite van die lewe te ervaar, wat ons drome begin uitsterf en ons droomdroogtes beleef. Ja natuurlik is daar altyd iemand wat al hierdie groot drome het, en altyd nog groter droom al misluk al hulle pogings, maar hier bedoel ons eintlik die begeerte en verlange om in jou lewe iets te bereik wat van waarde is.

Elke mens droom daarvan om gelukkig te wees. Elke mens droom om deel van 'n huisgesin te wees, om te behoort, om 'n lewe vol betekenis te leef. Elke mens het drome, en begeertes van dit wat hulle graag in die lewe wil bereik.

Dit is juis daardie ambisie en hoop op die toekoms wat ons dryf en aanspoor. Dit is juis daardie droomvrou of droomman wat maak dat jy snags wakker lê en wag, of duisende kilometers sal ry net vir 'n uur of twee saam. Dit is daardie droom van 'n werk of besigheid wat jou nagte en dae besig hou en deurdruk om te realiseer.

En dan kom daar soms droomdiewe, wat in 'n oomblik al jou drome aan skerwe laat spat en alles ontaard in 'n nagmerrie. Daardie diagnose van die dokter dat jy terminaal is, of die uitslae wat wys dat jy nie kan kinders kry nie. Daardie brief van jou werkgewer dat jy afgelê gaan word, of die oproep wat jou skok oor die dood van 'n familielid of vriend...

Jy wens eintlik dat jy net droom, dat dit 'n nagmerrie was, maar helaas. Jou lewendroom word 'n verskrikking. In 'n oomblik voel dit asof jou hele lewe betekenisloos en doelloos word. Jy word hopeloos en gee moed op. Jy wil nie meer nie, want jy kan nie meer nie. Jy is so moeg gestry en baklei dat jy wens dat hierdie nagmerrie net moet eindig!

Dit is juis hier waar die Blye Boodskap, die Evangelie ons weer nuwe moed gee, hoop gee. Nie dat die Here al ons probleme gaan laat verdwyn nie. Maar dat Hy in al hierdie bekommernisse en probleme ons sal bystaan.

Jesaja 41:10: *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand."*

In al ons aanvegtinge kan ons op die Here bly vertrou. Moenie dat die wêreld se bekommernisse jou drome steel nie, maar rig jou hart op die koms van ons Bruidegom, ons Droomman. Laat jou hart bly word oor Hom, want Hy is getrou. Sy beloftes is nie net mooi wense nie, dit is ons blydskap en hoop!

Plaas jou lewendrome in Sy hand, vertrou dat Sy wil sal geskied en jy sal nooit teleurgesteld wees nie.

Ds Lourens

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330



DIENSBEURTE: Ouderlinge: Mias Smit Diaken: Pieter vd Merwe

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 4, Ps 146:1

Volgende week: Les 5, Sb 9-4:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diaconie:

Rek Naam: Diaconie Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

16-Feb	Mossie	Buys	A13	27793731513
	Gerrit	Deist	B15	27832574306
	Werner	vd Walt	A05	27823086238
17-Feb	Wilna	Algera	B06	27721340327
	Craig	v Aswegen	B18	27829212718
18-Feb	Louisa	vd Walt	C12	27825760692
	Chris	vd Walt	C15	27849045502
	Philip	Henning	A10	27723117687
19-Feb	Janes	van Rooy	B02	27827711518
	Marietjie	Smit	C08	27828626468
	Sanmari	Venter	A04	27714822995
20-Feb	Anita	Kroep	C14	27722619693
	Christelle	Bornman	C10	27849413391
	Lodi	Olivier	C11	27824438886
21-Feb	Valerie	Kleynhans	B17	27724950317
	Corlia	van Biljon	E01	27729223393
22-Feb	Ronelle	Horak	B14	27824941427
	Schalk	Kruger	C10	27824481929
	Jaco	Erasmus	C06	27832925632

DOOPLIDMATE

16-Feb	Talia	Grimsehl	C09	27732595552
17-Feb	Liana	van Zyl	C13	27832724884
19-Feb	Adriaan	Erasmus	C09	27828833389
	Kayla	Schoeman	C12	27722383405
	Righardt	Smidt	C09	27824064266
20 Feb	Elana	Roets	C11	27833805383
	Anné	Struwig	C13	27727753322
21-Feb	Riekie	Kruger	A09	27820811030
22-Feb	Hendré	Bye	C05	27798063325
	Cornelia	vd Smit	B06	27828472204

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



16-Feb	B18	Cecilia Wolmarans
	B19	Elana Brits
	B06	Hannelie Grobler
23-Feb	C13	Tia Grünenfelder
	C02	Lené van der Walt
	C03	Simone Jv Rensburg
	C04	Leandre Struwig
	C11	Erna Olivier

Juventus

Juventus Bybelstudie

Woensdae, 19:00 @ ds Lourens,

Selbornelaan14, Lyttelton

Kontak vir Fred 083 255 9900

Navrae onder die Olyfboom elke Sondag

Juventus+

Die verlenging van Juventus (jong werkendes) -groep.

Preekbespreking na afloop van die aand erediens.

Kontak: Karin Venter (084 304 7881)

“So sal my Vader
wat in die hemel is,
ook met julle maak
as julle nie elkeen sy broer
van harte vergewe nie.”
Matteus 18:35

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Dependable maintenance – For any maintenance work and renovations. Painting, tiling, plumbing, bathrooms, steelwork, burglars and security doors, paving, wooden/laminate floors, roof waterproofing, palisades etc. Free quotes Hennie 082 927 4326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld** en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Jong man (34) soek werk in projek koördinerings van store maar is bereid om enige werk te doen. Ek is bereid om onder te begin en myself op te werk. Johann Nöthling 062 678 5074.

Dringend op soek na werk vanaf huis. Ek het al die nodige rekenaarprogramme en ek doen enige tipe tikwerk, vertalings en proefleeswerk. Kontak Rina Burger 082 853 8215 of e-pos rina.burger@vodamail.co.za

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale berading, gratis, skakel Esther du Plessis by 0718682257.

Familie mediasie; voor- en na egskedings- ooreenkomste; onderhoud; ouerskapplanne Esther du Plessis 0718682257

Wiskunde en Wetenskap klasse vir hoër- en laerskool kinders. Matthys Lourens 079 034 5238.

Blok A –Wyk Bring-en-Braai


Ds Lourens Venter nooi al die wyke van Blok A na 'n bring-en-braai op die datums soos aangedui.

Bring: eie eetgerei, vleis en drinkgoed

Tyd: 12:00

Plek: Jeughuis

Datum	Wyk A
16 Feb	7, 8, 9
23 Feb	10, 11, 12
1 Mrt	3, 13, 14, 16



bybelgenootskap van suid-afrika

2 MILJOEN Bybels VIR SA

200

Metode om tot die **2 Miljoen Bybels-projek** by te dra:

1. Plaas jou bydrae in een van die kassies by die deure.
2. Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing; *Bybelgenootskap*

Eljada Huis

Die Eljada-waentjie word weer uitgesit. Skenkings van enige blikkies kos, langlewes melk, koffie, tee en suiker sal waardeer word.

Ons benodig ook asb mense wat bereid is om 1 x per kwartaal uit te help met Bybelstudie by Eljada.

Petra Swanepoel 082 927 7324

Tentjie-aand

Vrydag, 21 Feb om 17:00

Kom slaap oor by die kerk!

Bring jou hele gesin saam en geniet 'n prettige aand by ons kerk.

Santie 0725899448

Senior Aksie

Vrydag, 28 Feb 2020

om 10:00

te GK Centurion

TOEGANG: Vrywillige Donasie

RSVP: Liana 071 600 0368



Ons gee om vir Mekaar

“...die Here sal my onder sy sorg neem.” Ps 27:10



- Hannie vd Bergh sterk aan na 'n knieëvervangingsoperasie (C7—663 3649).
- Willy Bakker sterk tuis aan (A6—007 1972).
- Marietjie Smit sterk aan in Unitas Hospitaal (A7—071 362 9164).
- Meelewing word betuig met Anneri Jankowski en gesin. Anneri se vader is gedurende die week oorlede.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Vergaderings

- 17 Feb—Evangelisasie kommissie 19:00
- 20 Feb—Instandhoudingskommissie 18:00

Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en die toerusting wil bywoon, kontak asb ds Gerrit 082 964 5595/kerkkantoor 012 664 2614

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie
Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Thusofonds



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo Afstandsonderrig